FSIZE:5922
ZCZC 210
AAZA16 FAME 020830
MP 862

03 MAR 1994

M50 - 457

AMPTELIK: MARION NA HK

NUUSBRIEF VIR FEBRUARIE
==========

DIE KORTSTE MAAND VAN DIE JAAR IS DEEL VAN DIE GESKIEDENISBOEKE EN DIS WEER NUUSBRIEFTYD. DIS AL 'N BEKENDE RITUEEL VIR DIE EILANDBEWONERS OM MAANDELIKS OM DIE KENNISGEWINGBORD TE STAAN EN UIT TE VIND WAT ALLES DAARDIE MAAND OP MARION GEBEUR HET. DIE BIORITMIESE PATRONE WAT SEKERE SPANLEDE VERTOON VEROORSAAK DAT BAIE DINGE WAT IN DIE DAGLIG GEBEUR VIR HULLE IN MISTERIE GEHUL IS. EK VERNEEM EGTER DAT DIE EILAND SE NAGLEWE VER VAN DOOD IS EN MISKIEN SELFS 'N TWEEDE NUUSBRIEF KAN REGVERDIG, ALHOEWEL MISKIEN MET 'N OUDERDOMSBEPERKING.

DIE NUUSBRIEWE WAT VOEL OF HULLE AL HOE VINNIGER OP MEKAAR VOLG IS INDERDAAD DEEL VAN DIE TEKENS VAN DIE TYE. VIR DIE WAT NOG NIE WEET NIE, DIE TYE WAARNA EK VERWYS IS INDERDAAD DIE LAASTE DAE. 'N GEWEEN EN 'N GEKNERS VAN TANDE IS BESLIS DIE LOT VAN SOMMIGE SONDAARS WAT GAAN MOET SPOOK OM AL HULLE WERK AFGEHANDEL TE KRY VOOR DIE TYD DAARVOOR OM IS. DIE DOEMPROFETE VOORSPEL DAT DAAR NOG SO 'N MAAND EN 'N HALF OOR IS. SOMMIGE VAN ONS, MEER SPESIFIEK DIE WAT MEISIES HET, KAN DAREM UITSIEN NA 'N HEMELSE ONTVANGS (IN MINDER AS DRIE MAANDE SE TYD)

BOGENOEMDE IS NATUURLIK ALLES NUUS VIR TOEKOMSTIGE NUUSBRIEWE EN EK VERTROU MAAR OP DIE GROOTHARTIGHEID VAN DIE TOEKOMSTIGE NUUSBRIEFSKRYWERS OM MY DIE DIEFSTAL VAN HULLE NUUS TE VERGEWE. EK WIL NOU NIE MY GELUK TE VER BEPROEF NIE SO MISKIEN MOET EK BY FEBRUARIE SE NUUS UITKOM. AANGESIEN HIERDIE NIE 'N KOERANT IS NIE BEGIN EK SOMMER BY DIE SPORT. SOOS ALLE ERNSTIGE SPORTLIEFHEBBERS WEET HET DIE FINALE VAN MARION SE 'SUMMER OLYMPICS' OP DIE 15DE PLAASGEVIND. TIPIES VAN ALLE GROOT SPORTGELEENTHEDE WAS DAAR DIE VERPLETTERDE DROME VAN SOMMIGE DEELNEMERS EN, AAN DIE ANDER KANT, NUWE LEGENDES WAT GEBORE IS. EERSTE OP DIE PROGRAM WAS GUMBOOTGOOI WAT OP KONTROVERSIELE WYSE DEUR JOHANNES KLOPPER (DIE OLIFANTBUL VAN UTRECHT) GEWEN IS, AANGESIEN STEROIEDE VERBIED WAS MOES DIE REELS OP ANDER MANIERE OMSEIL WORD. DIE UITEINDE WAS 'N GUMBOOT WAT GEMODIFISEER WAS OM BETER TE KAN VLIEG AS OM DEUR MIRES TE LOOP. DIE PRESIESE ONTWERP SAL ONS MAAR GEHEIM HOU, ONS WIL NIE HE DIE BUITELAND MOET DINK SUID-AFRIKA TOETS GEVAARLIKE WAPENS OP SY EILANDE NIE. HIERNA HET ALMAL VERSKUIF NA DIE TAFELTENNISBLAD WAAR 'N WIT

BALLETJIE HEEN EN WEER GESLAAN IS - ABSOLUUT FASSINEREND. BRIAN SEVEN OH TOO CHAMBERS HET DAARIN GESLAAG OM SY NAAM IN DIE ANNALE VAN TAFELTENNI TE VEREWIG. POOL (OF POTSPEL VIR DIE WAT ERNSTIG IS OOR DIE TAAL) EN VEERPYLTJIES HET HIERNA GELYKTYDIG PLAASGEVIND. JACO GURU (NA URE SE MEDITASIE) HET DIE GODE OORREED/AFGEPERS? OM AAN HOM DIE OORWINNING TE BESORG IN DIE VEERPYLTJIES. DIE SKRYWER VAN HIERDIE NUUSBRIEF HET DIE MEESTE BALLE DIE GOUSTE INGEPOT EN WEEREENS BEWYS GELEWER DAT INTELLIGENSI GEEN VEREISTE VIR 'N POTSPELER IS NIE, MISKIEN WEL 'N TATOEERMERK. SNOEKEF IS OOK GEWEN DEUR DIE OLIFANTBUL VAN UTRECHT. HY WAS SEKER OP SY DAG SY SKOOL SE VICTOR LUDORUM OF IETS GEWEES EN EK VERNEEM DAT SELFS DIE BEACHMASTERS (OLIFANTROBBULLE MET TE VEEL VROUENS) EERBIEDIG OPSY STAAN EN DAN BAIE DANKBAAR IS AS HULLE SIEN HY LEES NET DIE KOEIE SE NOMMERPLAATJIES. DIE FOTOGRAFIEKOMPETISIE IS GEWEN DEUR HANS KAPTEIN (ONS MOES HOM OP EEN OF ANDER MANIER GELUKKIG HOU). IEWERS IS DAAR OOK GEHEIMSINNIG SKAAK GESPEEL, SO GEHEIMSINNIG OM DIE WAARHEID TE SE DAT EK HOOR MENSE BEWEER DAT CHRISTIE GREEN STAMP AS KAMPIOEN BEKROON IS (EK VERMOED DAAR MAG DALK WAARHEID IN STEEK).

AL DIE NUUSWAARDIGHEDE VIR FEBRUARIE WAS EGTER NIE NET WERK NIE EN DRIE VAN ONS (HANS KAPTEIN, JACO GURU EN MYSELF) HET 'N KANS GEKRY OM OM DIE EILAND TE STAP. DIE GEVAARLIKE ONVOORSPELBAARHEID VAN MARION SE WEER IS WEER DUIDELIK BEWYS TOE DIE HELE STAPTOG IN WINDSTIL SONSKYNWEER PLAASGEVIND HET. DIE DRIE EKSPEDISIELEDE HET VASGEBYT EN DIE UNIEKE WEERSOMSTANDIGHEDE DAPPER GETROTSEER. EK WIL EGTER 'N BEROEP DOEN OP DIE MASSAS WAT DIE NUUSBRIEF LEES OM MINDER CFC'S DIE ATMOSFEER IN TE SPUIT, DIE GAT IN DIE OSOONLAAG IS GEEN GRAP NIE. VIR DIE WAT GEFASSINEER WORD DEUR NATUURFRATSE EN BLAPSE KAN EK RAPPORTEER DAT ONS 'N ALBINO MACARONI PIKKEWYN SOWEL AS 'N BOGGELRUG MACARONI PIKKEWYN RAAKGELOOP HET. VIR DIE ANDER KAN EK RAPPORTEER DAT ONS OOK NORMALE PIKKEWYNE RAAKGELOOP HET (AS EK REG ONTHOU WAS DAAR 'N PAAR BY KILDALKEY STRAND). TOE ONS KLAAR OM DIE EILAND GESTAP HET WAS ONS WEER BY DIE BASIS (DIE LAASTE SIN WYS DAT DIE BIETJIE NUUS WAT DAAR IS UITGEREK MOET WORD OM DIE NUUSBRIEF VOL TE KRY).

O JA, MISKIEN IS DIT NUUSWAARDIG OM TE NOEM DAT RADIO 702 'N ONDERHOUD MET BRIAN GEREEL HET VIR MOONTLIKE UITSENDING. NA DAE SE ONDERHANDELING OM 'N GESKIKTE TYD GEREEL TE KRY (ONS IS BAIE BESIG OP DIE EILAND) IS DAAR UITEINDELIK 'N PAAR VRAE GESTEL. DIT WAS VIR MY NUUS TOE BRIAN AAN DIE MILJOENE LUISTERAARS VERTEL DAT ONS VANAF 1983 OP DIE EILAND IS, EK WONDER OF DIT NIE DALK AL LANGER IS NIE.

DIE MAAND HET OP N HOOGTEPUNT AFGESLUIT MET N INTEREILAND VEERPYLTJIE KOMPETISIE TUSSEN ONS EN ONS VRIENDE OP GOUGH EILAND. MET BEHULP VAN RADIO KONTAK IS ELKE SPAN SE VORDERING AAN DIE OPPOSISIE OORGEDRA. DAAR WAS GROOT SPANNING OOR DIE RADIO GOLWE EN ONGELUKKIG HET ONS OPPOSISIE MET 3-1 GEWEN. ALHOEWEL ONS TWYFEL OOR HUL EERLIKHEID, SIEN ONS UIT NA DIE TWEEDE TOETS.

TEN SLOTTE KAN EK MAAR NET SE DAT DIT NOG GOED GAAN OP MARION, DIE ROBBE ROB NOG, DIE PIKKEWYNE PIK NOG EN DIE OLIFANTROBBE DOEN DINGE WAT MENS NIE IN NUUSBRIEWE KAN SKRYF NIE.

GROETE NAMENS MARION 50.

MARIUS VAN DER MERWE

METEOROLOGIESE/KLIMATOLOGIESE STATISTIEKE VIR DIE SUBANTARKTIESE EILAND MARION VIR DIE MAAND FEBRUARIE VAN DIE JAAR EEN DUISEND VIER EN NEGENTIG NA CHRISTUS:

GEMIDDELDE TEMPERATUUR:	8.1 GRADE CELSIUS
GEMIDDELDE RELATIEWE HUMIDITEIT:	78%
REENVAL:	177.0 MILLIMETER
REEN IS OP 19 DAE AANGETEKEN	
MAKS. WINDSTOOT:	70 KNOPE (130 KM/H)
GEMIDDELDE URE SONSKYN PER DAG:	6

NNNN